

# Donderdag 28 Januarie

**Skrifgedeelte: Deuteronomium  
26:16-19; Matteus 5:48; Lukas  
6:35-36**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium  
26:16-19 (1933/53-vertaling)**

## **Gehoorsaam die volmaakte Here met jou hele hart en jou hele siel!**

Deuteronomium 26:16-20 sluit die uitleg van Moses oor die wet af (5:1 – 26:15). Die Here vra totale toewyding aan Hom en sy opdragte, en Hy verklaar sy eie toewyding aan sy volk. Hierdie gedeelte (26:16-20) is 'n formele bekragting van die verbond tussen die Here en Israel, alhoewel die woord “verbond” nie in hierdie vier verse voorkom nie.

Die volk Israel moes die Here sorgvuldig en volmaak gehoorsaam wees, dit wil sê met haar hele hart en hele siel. Die volk Israel het met die bekragting van die verbond in Deuteronomium 26:16-20 belowe dat hulle die Here met hulle hele menswees sal dien. Deur Israel se geskiedenis blyk dit dat die volk meestal ongehoorsaam was teenoor ooreenkomste van die verbond, waar die Here altyd getrou was aan sy beloftes.

In die lig van Matteus 5:48 en Lukas 6:35-36 kan 'n mens maklik vra: “Vra die Here nie te veel van ons nie?” Geen mens kan tog die Here so volmaak met sy hele hart en siel dien nie. Die volk Israel kon tog nie in elk geval hulle belofte nakom nie, want geen mens kan dit doen nie. Hierdie stelling maak 'n goeie punt, want geen mens kan die Here volmaak dien nie, weens die sonde in jou. God het egter, deur sy deel van die verbond na te kom, bewys dat volmaakte gehoorsaamheid moontlik is. Dit nie deur 'n sondige mens in sonde gebore nie, maar 'n sondelose Middelaar uit die maagd Maria. Ons Here Jesus Christus is die Een wat volkome al die eise van die verbond kom gehoorsaam het. Met sy volmaakte lewe kon Hy dien as die offer om te betaal vir al ons oortredings. Ons oortredings is nie net die sonde wat ons doen nie, maar ook die goeie werke wat ons huiwer om te doen, naamlik om met jou hele menswees God te dien en jou naaste lief te hê.

Ons Here Jesus se opstanding is 'n bewys dat Hy volkome die wil van God en eise van die verbond nagekom het, en dit bekragtig dat God ook sy deel van die verbond sal nakom. God belowe ons dat Hy altyd vir ons 'n God sal wees. Hy bekragtig hierdie verbond in ons deur die Heilige Gees te stuur om in ons te woon. *“In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het ...”* (Ef. 1:13-14). Nou het ons die Gees van ons getroue Verlosser wat in ons woon. Daarom begeer ons met ons hele hart en hele siel, ja met alles in ons, om God gehoorsaam te wees. Onder leiding van die Heilige Gees behoort ons met alles in ons te lewe as heilige volk van God. *“Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing”* (2 Tim. 1:7).

*Sing: Psalm 25-1:1, 7*

*Ds. MW Kruger (Thinus) (Newcastle)*